Die Voortrekkers

Transvaal
Verwelkomingsbrief
Januarie 2022

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

24 Januarie 2022

Beste voortrekkervriende,

Welkom in 2022!

Ons glo almal sien uit na ‘n goeie jaar – een waar die pandemie ons meer genadig sal wees en waar ons kan terugkeer na ‘n mate van normaal.

2021 was ‘n groot jaar vir Die Voortrekkers want ons het *Groot gegaan* in die viering van Die Voortrekkers se negentigste (90ste) verjaarsdag.

Groot dank aan almal vir hul uithou en aanhou in 2021.

Ons kyk terug op ‘n jaar van hartseer en verliese, maar ook een van ongelooflike seën en genade.

Ons kan dus met groot dankbaarheid in ons harte 2022 ingaan met ‘n

Blye Vooruitsig!

In die gees van ons tema kan ons in 2022 uitsien na voortrekker aktiwiteite wat ons gelukkig en opgewonde sal maak. Ons kan beplan om te doen en deel te neem aan span- kommando en gebiedskampe! Op voortrekkervlak word daar ook beplan om in te haal wat ons in die afgelope twee jaar verloor of gemis het as gevolg van inperkings en beperkings.

Ons tema dui verder daarop dat daar ‘n toekoms, ‘n môre is. Ten spyte van teleurstellings en terugslae is daar hoop en is daar steeds iets om na uit te sien. Ons kan uitsien om deur ons K A N, Kultuur; Avontuur en Natuur aktiwiteite, nuwe vaardighede te leer, nuwe ervarings en herinneringe te skep, nuwe vriende te maak en huidige vriendskapsbande te versterk.

Op persoonlike vlak kan elkeen van ons groei as mens, in sy/haar werk of skool omgewing. Ons het ook die verantwoordelikheid om elke dag aan te gryp en dit die beste te maak; om dus met “nuwe oë” te kyk na dit wat om ons is en waarmee ons geseënd is.

Dit was voorwaar ‘n blye vooruitsig om saam met bekendes en nuwelinge by die afgelope naweek se Voriesaamtrek te kuier. Ons kon saam kuier, kennis verbreed en nuwe vriende maak.

Sondag oggend is die Voriesaamtrek afgesluit met ‘n boodskap van blye versekering uit Johannes 14: 6 tot 10. Hierdie boodskap bevestig dat ons anker gevestig is in Jesus wat die weg en die waarheid is. As ons Hom volg het ons ‘n blye versekering dat ons koers sal hou en dat ons krag sal ontvang om struikelblokke en uitdagings te oorkom. Die boodskap van “genoeg” is met almal gedeel, mag “genoeg”, ook deel vorm van elkeen se pad in 2022.

Hiermee die verhaal van genoeg soos vertel deur Ds. JP Jordaan:

#Genoeg

Die Pa neem afskeid van sy dogter by ‘n lughawe en hy sê "lief jou my dogter, ek wens jou genoeg", sy groet terug "ek wens Pappa ook genoeg" en gee hom ‘n drukkie.

‘n Vrou wat dit gehoor het vra ‘n rukkie later, nuuskierig vir die Pa: "...skies Mnr, ek het gehoor hoe groet jy en jou dogter mekaar, wat beteken hierdie 'ek wens jou genoeg' wat julle vir mekaar gesê het?"

Ag Mevrou, dis 'n tradisie wat al generasies in ons familie is.

As ons mekaar sò groet dan weet ons dat ons bedoel:
Ek wens jou genoeg son om jou lewe op te helder, ek wens jou genoeg donker om die son meer te waardeer.
Ek wens jou genoeg lag om die trane mee af te vee. Ek wens jou genoeg trane om die vreugde mee te vier.
Ek wens jou genoeg voorspoed om jou lewe te verryk, ek wens jou genoeg teëspoed om jou lewe te begryp.
Ek wens jou genoeg liefde om haat weg te dryf.

Mevrou dit beteken baie dinge sê hy, maar heel laas sê ons dit vir mekaar:

"Ek wens jou genoeg 'hello's' om die 'totsiense' nie hartseer te maak nie.
Ek wens jou genoeg 'totsiense' om te kan uitsien na die 'hello's'.

Sy groet hom toe haar vlug gereed is. "Dit was goed om met jou te gesels, ek wens jou genoeg”.

Ek wens julle genoeg aan die begin van die nuwe jaar.
Ek wens julle genoeg seën.
Ek wens julle genoeg om julle seëninge te kan tel.
Ek wens julle genoeg geloof om die beproewings te oorkom.

Ek wens julle ieder en elk, #Genoeg

Hou Koers in jul *Blye Vooruitsig*. #Genoeg!

Vriendelike groete
Transvaal Voortrekkers

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine1711@gmail.com)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)
Karolien Thomas –GSD (083 800 5662 - transvaal.staatmakers@gmail.com)